SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Chris-Mari van Zyl

Universiteit: Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Meesters: x **Doktoraal:** **Postdok:**

Studierigting: M.Ed. in kurrikulumontwikkeling

Titel van proefskrif of Verhandeling: Die verband tussen sosio-ekonomiese agtergrond, leermotivering en selfgerigtheid in leer van eerstejaaronderwysstudente

Datum van afhandeling: April 2016 **Uitslag:** Junie 2016

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

N.V.T

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Hierdie verhandeling het die verband tussen sosio-ekonomiese agtergrond, leermotivering en selfgerigtheid in leer ondersoek. Selfgerigte leer is as een van die mees snelgroeiende navorsingsareas in die afgelope veertig jaar getipeer (Guglielmino, 2013). Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit het in 2008 selfgerigte leer as ’n strategiese prioriteit bestempel (Reitsma et al., 2012). Selfgerigte leer kan as ’n essensiële vaardigheid in die 21ste eeu beskou word en dit impliseer dat die verkryging van skoolvakkennis alleen nie voldoende is nie (Mentz, 2014); vaardighede soos kritiese denke, hulpbron-identifisering en verantwoordelikheid om te leer behoort beklemtoon te word. Verder kan ’n student met ’n hoë selfgerigtheidsvlak in leer opvoedkundige doelwitte stel en bereik asook geleenthede buite die formele onderwys suksesvol benut, wat dienooreenkomstig tot beroepsukses en ekonomiese groei kan lei (Mulube & Jooste, 2014).

Alhoewel die waarde van selfgerigte leer oorbeklemtoon kan word, vind studente dit moeilik om die akademiese pas vol te hou met die sprong van sekondêre onderwys af na tersiêre onderwys. Dit blyk dat eerstejaarstudente op papier vir universiteittoelating kwalifiseer, maar in werklikheid nie oor die vereiste akademiese vermoëns (waaronder ons selfgerigte leer kan klassifiseer) beskik nie (Rossouw, soos aangehaal deur Anon., 2013a). Ongeag die gebrek aan selfgerigteleer-aktiwiteite by sekondêre onderwys lys De Lange et al. (2010) verskeie faktore wat onderrig-leer (so ook selfgerigte leer) van ’n student kan beïnvloed, naamlik ongerieflike stapafstande van die huis af na die onderwysinstelling, MIV/Vigs, wees-agtergrond, armoede, kosskaarste, ouers of voogde wat ongeletterd is, ongelyke hulpbronverspreiding en die negatiewe persepsies oor die waarde van onderwys. Uit bostaande uiteensetting is dit voor die hand liggend dat sosio-ekonomiese agtergrond moontlik ’n invloed op ’n student se selfgerigtheid in leer kan uitoefen. Alhoewel sosio-ekonomiese agtergrond van ’n student selfgerigtheid in leer kan beïnvloed, bestaan daar ’n

hiaat in die literatuur rakende ’n bepaalde konteks (sosio-ekonomiese agtergrond) en die verband daarvan met selfgerigtheid in leer, spesifiek met betrekking tot eerstejaaronderwysstudente.

’n Bykomstige aspek wat in hierdie studie gedek is, is dat leermotivering die dryfveer is agter die uitvoering van selfgerigteleer-aktiwiteite (Regan, 2003; Van Bommel et al., 2015). Alhoewel leermotivering as een van die gewildste navorsingsdimensies op die gebied selfgerigte leer uitgeken word, is die verband tussen die geval (sosio-ekonomiese agtergrond en leermotivering) en die fenomeen (selfgerigte leer of selfgerigtheid in leer) nog nie nagevors nie. Daarom is daar besluit om ’n empiriese ondersoek uit te voer om die verband tussen sosio-ekonomiese agtergrond, leermotivering en selfgerigtheid in leer van eerstejaaronderwysstudente, spesifiek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, te probeer interpreteer en verklaar.

In ’n poging om bovermelde verband te probeer interpreteer en verklaar het hierdie studie ’n interpretivistiese kwalitatiewe navorsingsontwerp gevolg. Hierdie studie het ’n instrumentele geval (sosio-ekonomiese agtergrond en leermotivering) en die verband met die fenomeen (selfgerigte leer of selfgerigtheid in leer) ondersoek. Die persepsies van eerstejaaronderwysstudente en dosente/navorsers in die fokusarea ‘Selfgerigte Leer’ is ingesamel ten einde te verseker dat betekenisvolle data bekom kon word vir data-analise en interpretering. Bepaalde kriteria was neergepen vir die doelgerigte steekproefneming van deelnemers. Data-insameling het deur semigestruktureerde individuele onderhoude geskied omdat dit my, as navorser, in staat gestel het om die navorsingskonteks deur die oë van die deelnemer te kon sien. ’n Proses van diskoersanalise is gevolg ten einde merkers te identifiseer. Merkers is gegroepeer in betekenisvolle kategorieë ten einde die ingesamelde data te kon interpreteer.

Die belangrikste navorsingsbevindinge van hierdie studie omsluit die volgende:

a) Eerstejaaronderwysstudente het ’n wanopvatting van wat selfgerigte leer behels en sien dikwels selfgerigte leer as geïsoleerde leer. Eerstejaaronderwysstudente behoort dus ingelig te word oor die aard van selfgerigte leer.

b) Dosente behoort ook ingelig te word oor die holistiese aard van selfgerigte leer sodat hulle selfgerigte leer reg kan toepas. Meer bystand moet ook aan dosente verleen word rakende die suksesvolle implementering van selfgerigte leer in klasse.

c) Dosente behoort ook selfgerigte leer in alle modules en fases van die BEd-kursus te implementeer.

d) ’n ‘ONSheid’-benadering rakende selfgerigte leer behoort in ag geneem te word waar die onderwysinstelling, dosente en eerstejaaronderwysstudente selfgerigte leer as ’n vennootskap benader.

e) Daar behoort ’n “pedandragogy”-model (Samaroo et al., 2013) gevolg te word by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

f) Selfgerigte leer moet as die impetus agter onderrig-leer beskou word omdat dit as ’n vereiste dien vir lewenslange leer.

g) Selfgerigte leer VIR onderrig-leer, selfgerigte leer AS onderrig-leer en selfgerigte leer IN onderrig-leer perspektief moet gebruik word om selfgerigtheid in leer van eerstejaaronderwysstudente te bevorder. ’n Platform vir die bevordering en ontwikkeling van selfgerigte eerstejaaronderwysstudente behoort ontwerp te word.

h) Dosente behoort: entoesiasme by eerstejaaronderwysstudente te kweek rakende selfgerigte leer, selfgerigte leerrolmodelle te wees en ’n positiewe klaskamerklimaat te skep wat selfgerigte leer aanmoedig.

i) Leermotivering is die dryfveer wat ongeag sosio-ekonomiese agtergrond, eerstejaaronderwysstudente in staat kan stel om selfgerig te leer.

j) Sosio-ekonomiese agtergrond en leermotivering is inherent in eerstejaaronderwysstudente se selfgerigtheid in leer en/of hulle gereedheid vir selfgerigtheid in leer.

k) Die persoonlike ingesteldheid van eerstejaaronderwysstudente moet positief teenoor selfgerigte leer wees.

l) Selfgerigte leer moet as ’n betekenisvolle ontwikkelingsreis na volheid met deernis beskou word.